

Mikro Graad R : Tuisonderrig Kwartaal 2

Breinoefeninge (LV) ± 5 min

Datum	Opdrag	Benodighede
Vir 'n visuele voorbeeld, maak die week se Breinoefening video oop.		
4 Mei	Musiek-vries Liedjie word gespeel en kind beweeg rond. Wanneer musiek stop moet kind vries.	Iets wat 'n liedjie kan speel.
5 Mei	Trek lyne op die muur met bordkryt/tape/kleeflint. Kind kruis hande en beweeg al teen die muur af. Beweeg hande dan sywaarts	Muur, bordkryt/kleeflint geplak.
6 Mei	Waterspel Sit op stoel en laat leerder speelgoed van een bak vol water na 'n leë bak met hulle voete skuif.	Stoeltjie 2 groot houers 1 van die houers: water speelgoed
7 Mei	Raai-Raai speletjie Neem paar voorwerpe in die huis en plaas dit in sak of houer. Leerder sit sy hand in en voel aan voorwerpe, beskryf wat hy voel en kyk of hy dit kan benoem.	1 sak/houer 4/5 items in die huis
8 Mei	Bou 'n legkaart wat meer is as 35 stukke	Legkaart. Prent wat opgeknip is.

Bespreking (LV) ± 15 min

Datum	Opdrag	Benodighede
4 Mei	Hierdie week gesels ons 'n bietjie oor die tema: Tyd Vandag se onderwerp is: Wat is tyd? - Dae, maande, jare, ure	Maak Dag 1 bespreking oop.

	<ul style="list-style-type: none"> - Aanloop van tyd, verlede tyd, toekoms - Volgorde van gebeurtenisse 	
5 Mei	<p>Vandag se onderwerp is: Dagverloop</p> <ul style="list-style-type: none"> - Gister, vandag, môre - Daaglikse roetines - Ontbyd, middagete en aandete - Gunsteling tyd van die dag 	Maak Dag 2 bespreking oop.
6 Mei	<p>Vandag se onderwerp is: Instrumente om tyd mee te lees.</p> <ul style="list-style-type: none"> - Verskillende tipe horlosies - Bekende lande se horlosies 	Maak Dag 3 bespreking oop.
7 Mei	<p>Vandag se onderwerp is: Tyd in die verlede</p> <ul style="list-style-type: none"> - Horlosies van die verlede 	Maak Dag 4 bespreking oop.
8 Mei	<p>Vandag se onderwerp is: Hoekom is tyd belangrik?</p> <ul style="list-style-type: none"> - Die doel van tyd. 	Maak Dag 5 bespreking oop.

Wiskunde ± 20 min

Datum	Opdrag	Benodighede
4 Mei	<ol style="list-style-type: none"> 1. Kom ons tel 2. Hersiening en vragies 3. Getal 5 storie en vragies 	<p>Wisk- Dag 1 Powerpoint</p> <p>1. Selfgemaakte flitskaarte 1 tot 4 van vorige weke. Nadat dit geflits word moet dit by mekaar teen 'n muur of op die vloer gepak word.</p>
5 Mei	<ol style="list-style-type: none"> 1. Kom ons tel 2. Liedjie- vyfklein apies 3. Skryf van vyf 4. Getalnaam 5. Kom ons maak 5 6. Diereljagtog 	<p>1. Di. Tel video en Wisk- Dag 2</p> <p>3. Klei, klippies/sand</p> <p>4. Flitskaarte 1 – 4 van vorige week. Getal 5 kol-, getalnaam- en getalsimbool kaartjie. Ekstra getalnaamkaart "vyf"</p> <p>5. Speelgoed, uitgeknipte kartonsirkel/houer</p> <p>6. Dierespeelgoed (plastiek of sag)</p>

6 Mei	<ol style="list-style-type: none"> 1. Kom ons tel 2. Op en af die getalleer 3. Getal 5 storie 4. Liedjie- 5 klein apies 5. Aktiwiteit 	Wisk- Dag 3 verskillende goed in die huis.
7 Mei	<ol style="list-style-type: none"> 1. Kom ons tel 2. Maak eie flitskaarte 3. Soektog speletjie 4. Woordprobleme 	Wisk- Dag 4 <ol style="list-style-type: none"> 2. Papier, kryte, skêr 3. Enige iets in die huis. 4. Papier, kryte
8 Mei	<ol style="list-style-type: none"> 1. Kom ons tel 2. Plakkaatbespreking 3. Identifiseer vorms 4. Vorms met 'n lyfie. 5. Nuwe vorm 	Wisk- Dag 5. <ol style="list-style-type: none"> 1. Selfgemaakte flitskaarte, 5 klippies 5. 'n Voorwerp met die vorm van 'n kubus- blokkie/dobbelsteen, ens



Huistaal ± 20 min




Datum	Opdrag	Benodighede
4 Mei	<ol style="list-style-type: none"> 1. Kyk die storie van Kammaland. Dit kan weer gespeel word, indien nodig. 2. Vra nou die volgende vrae aan u kind. Laat die leerder ook elke klank skryf op 'n A4 papier nadat die antwoord gegee is. <ul style="list-style-type: none"> • Watter klankie het Willie padda gespring toe hy van die een paddastoel na die volgende paddastoel gespring het? • Noem en skryf die klankie met jou vinger op jou hand van Vinnie vis. • Met watter klankie begin Manie haas se naam? • Wat is Manie se sussie se naam en met watter klankie begin haar naam? • Soos watter klankie lyk Rudie die rooi kraan? 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Gebruik die Kammaland PowerPoint. 2. A4 papier Potlood of kryt.



	<ul style="list-style-type: none"> • Met watter klankie begin Lenie leer se naam? • Wat is die nuwe klankie wat ons vandag geleer het? 	
5 Mei	<ol style="list-style-type: none"> 1. Ons oefen om die h-klank reg te skryf: <ul style="list-style-type: none"> • Vra u kind om eers die h-klank met klippies / legoblokkies / droë pasta uit te pak. Skryf nou die klank met hul vinger – volg die pad oor die klippies / legoblokkies / droë pasta. • Rol nou slangetjies met klei en bou die h-klank. Skryf weer die klank deur die pad te volg oor die klei. 2. Kyk na die robotletter van die h-klank. <ul style="list-style-type: none"> • Skryf die klank met hul vinger op mamma se rug, hul eie hand, in sand. • Op 'n A4 papier skryf 'n ry van die klankie met 2 vingerspasië tussen in. 3. Beginklanke: U kind gaan eers sê wat die prentjie is wat hy/sy sien. Daarna vra u met watter klank daardie woord begin. Klap die woord in lettergrepe en vra hoeveel klappies is dit. 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Klippies, legoblokkies of droë pasta. Klei – gebruik van vorige weke. 2. Maak die Robotletter PDF oop. A4 papier Potlood of kryt. Gebruik die Beginklanke PDF.
6 Mei	<ol style="list-style-type: none"> 1. Vra u kind om aan woorde te dink wat met 'n h-klank begin. <ul style="list-style-type: none"> • Skryf die woorde op 'n A4 papier (onder mekaar) neer. • Vou 'n A4 papier in 5 stroke vir u kind. Hul kies 5 woorde om te kopieër. Maak seker hul skryf van links na regs en bo na onder. • Nadat hul die 5 woorde geskryf het, teken hul die prentjie langsaan en kleur dit netjies in. • Hou die werkie om weer môre te gebruik. 	<ol style="list-style-type: none"> 1. A4 papiere Potlood en kryte. Gebruik die Rymwoorde PDF.

	Rymwoorde: Verduidelik dat rymwoorde, woorde is wat amper dieselfde klink soos sop, mop, pop. Ons sê dit rym. Nog voorbeelde kan mondelings gevra word.	
7 Mei	<ol style="list-style-type: none"> Laat u kind weer die woorde opsê wat hy/sy die vorige dag geskryf en teken het. <ul style="list-style-type: none"> Vra u kind om 'n sin met elke woord te maak. Dit is belangrik dat hul volsinne gebruik, bv. Ek klap my hande. Volgorde van gebeure: Leerders maak gebruik van hul redenasie vermoë om die korrekte volgorde van die gebeure met hul vinger uit te wys. 	<ol style="list-style-type: none"> A4 werkie van die vorige dag. Gebruik die Volgorde kaart PDF.
8 Mei	<ol style="list-style-type: none"> Laat die leerder 'n boek van hulle keuse kies. 'n Storie van die internet kan ook gebruik word. <ul style="list-style-type: none"> Lees die storie aan u kind. Na elke bladsy kan die leerder al die h-klank woorde soek. Geheuespeletjie: Leerder luister eers na opdragte en voer dit daarna in dieselfde volgorde uit. Mamma/pappa sê: <ul style="list-style-type: none"> Klap jou hande 4 keer, draai in die rondte en kom staan agter my. Raak aan jou kop, elmboë en enkels. Spring 3 keer op en af, raak aan jou tone en sit plat. Gee 'n groot tree terug, skiet jou vingers 5 keer en hop vorentoe op albei voete. Raak aan jou skouers, sit jou hande op jou heupe, knip jou oë en gee vir my 'n drukkie. 	'n Storieboek van hul keuse.

Kreatiewe kunste (LV) ± 20 min

Datum	Opdrag	Benodighede
4 Mei	<p><u>Kreatiewe skryfwerk en h - klankie</u></p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Skryf met 'n swart potlood die h-klank in die middel van jou bladsy. 2. Die leerder dink dan aan soveel as moontlik woorde wat met 'n h-klank begin en mamma / pappa skryf die woorde reg rondom die groot h-klank in die middel neer. 3. Die leerder moet dan langsaan elke woord <u>self</u> die woord oorskryf en 'n prentjie bo die woord teken, om die betekenis uit te beeld. 4. Indien die leerder wit gom het, spuit nou die gom bo op die swart h klankie in die middel van die bladsy en strooi fyn sout oor die gom. 5. Maak jou kwas nat met 'n waterverf kleur van jou keuse en druk dit oor die sout klankie, en sien hoe die sout die water absorbeer. Voltooi die hele klankie en laat hom droog word. 6. Indien dit droog is voel oor die h-klankie terwyl jy hom vorm. 	<p>wit gom (meer effektief) of / gom fyn sout A4 papier swart potlood en kryte kwas waterverf of water met voedselkleursel</p> <p>Hierdie is slegs 'n visuele voorbeeld hoe die sout die waterverf absorbeer.</p> 
5 Mei	<p><u>Kamera met films</u></p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Teken jou kamera en sny twee gleuwe bo en onder in die sirkel: 2. Teken jou filmstrook met 5 leë foto's. 3. Teken in volgorde 5 werkies wat jy in die oggend doen vandat jy wakker word. 	<p>Aangeheg is 'n eenvoudige templaats vir die kamera, wat oorgeteken kan word. (opsionele ontwerp)</p> <p>Papier en swart merker Kryte skêr</p>

	<p>4. Plaas die filmstrook in jou kamera. Stel jou dan voor dat Mamma / Pappa jou afneem soos wat jy dit doen.</p>	
<p>6 Mei</p>	<p><u>Armhorlosie</u></p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Sny jou toiletrolletjie in die helfte en dan knip jy hom oop. 2. Versier die rolletjie met kryte/ koki's / plakkers. 3. Teken 'n klein sirkel vir die horlosie se gesiggie, met sy syfertjies en wysers in. 4. Knip die sirkel uit en plak dit op jou rolletjie. 5. Sit die rolletjie om jou arm en sê vir Mamma /Pappa hoe laat dit is. 	<p>toiletrolletjie skêr en gom swart potlood en kryte/ koki's/ plakkers</p> 
<p>7 Mei</p>	<p><u>Koek-koek horlosie</u></p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Teken met jou swart merker <ul style="list-style-type: none"> - 'n groot vierkant - op 'n volgende bladsy 'n groot driehoek - en 'n sirkel groot genoeg om binne in die reghoek te pas. 2. Knip die vorms uit en plak die driehoek en vierkant aanmekaar vas soos 'n huisie. Plak die sirkel binne in die vierkant. 3. Versier die driehoek, dis die koek-koek horlosie se dak. 	<p>swart merker</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. 3x papiere <ul style="list-style-type: none"> - vierkant - driehoek - sirkel 2. skêr en gom 3. swart potlood en kryte / koki's 4. "split pins" vir beweegbare wysers <i>opsioneel</i>. 5. Soos gesien in die foto. 

	<p>4. Teken 'n horlosie se gesiggie in die sirkel. Dis jou keuse om die wysers in te teken of met 'n "split pin" te laat beweeg.</p> <p>5. Teken nou op die oorblywende deel van een van jou papiere 'n klein reghoek en knip die reghoek uit. Vou nou die reghoek se kort sye na die middel toe (dit lyk dan soos die deurtjie) en plak dit in die middel van jou driehoek dak.</p> <p>6. Teken 'n voëltjie en knip hom uit.</p> <p>7. Vou 'n lang strook papier soos 'n konsertina en plak dit binne in die deurtjies. Plak nou die voëltjie aan die punt van die konsertina.</p> <p>8. Vir die horlosie se kettings gebruik jy papierstroke en gom. Een ketting moet 4 ringe hê en die tweede ketting moet 6 ringe hê en kram die ringe aan die onderkant van die koek-koek horlosie vas.</p>	<p>6. Papier en kryte</p> <p>7. </p> <p>8. </p> <p>en kram masjientjie</p>
8 Mei	<p><u>Maklike en vinnige bak en brou – belangrikheid van tyd</u></p> <p>Stap 1: Klits die eier en voeg strooisuiker by. Roer tot strooisuiker opgelos het.</p> <p>Stap 2: Gooi kakao by en meng goed deur.</p> <p>Stap 3: Sit in die mikrogolf vir 1 minuut / 60 sekondes.</p> <p>Geniet die soetheid saam met roomys of vla.</p>	<p>Bestanddele en benodighede:</p> <p>Nagereg bakkie</p> <p>1 eier</p> <p>¼ koppie strooisuiker</p> <p>15ml kakao</p> <p><i>(opsioneel roomys of vla)</i></p>
Uitvoerende kunste en Motoriek (LV) ± 10 min		
Datum	Opdrag	Benodighede

4 Mei	Vanoggend werk ons so bietjie aan die leerder se grootspiere. Hierdie video is effens vinnig. Elke beweging kan vir tenminste 10 tellings gedoen word.	Maak die skakel vir die grootmotoriese ontwikkeling oop. Die video is net 'n visuele voorbeeld van wat gedoen moet word. https://www.youtube.com/watch?v=KG3AO6IJ4BQ
5 Mei	Die leerder reageer gepas op instruksies en hou ritme terwyl hy/sy saam dans / sing.	Maak die skakel vir Shake your sillies out oop. https://www.youtube.com/watch?v=03zqJQJRLN0
6 Mei	Vandag werk ons aan die leerder se grootspiere.	Maak die skakel vir die grootmotoriese ontwikkeling oop. https://www.youtube.com/watch?v=JoF_d5sgGgc
7 Mei	Die leerder reageer gepas op instruksies en hou ritme terwyl hy/sy saam dans / sing.	Maak die skakel vir die Minions dans oop. https://www.youtube.com/watch?v=FP0wgVhUC9w
8 Mei	Ons sluit die week af met 'n verfrissende speletjie. <u>Voet-oog koördinasie met apparaat</u> Betrek vir sussie / boetie of vir enige ouer. Elkeen moet op 'n stoel sit met 'n bak water voor hulle. In die water moet daar 10 items wees wat hy met sy voete kan optel. Die leerder en sy maat moet kyk wie kan eerste al sy items in sy waterbak met sy voete optel en in 'n aparte bak gooi wat tussen in hom en sy maat staan.	2 lae stoeltjies 2 bakke water 1 leë bak tussen hom en sy maat 10 plastiekballe of 10 speelgoed wat nat kan word (bv. Jumbo lego blokke / plastiekbakkies ens. Vir 'n visuele voorbeeld kyk na die breinoefening video.

Luister en Leer

Voltooi en haal in tot Week 13 bl. 28 – 29